# Die invloed van die Mediterreense tydsbegrip op die betekenis van die dag van die Here in 2 Petrus

Gert Malan & Andries van Aarde
Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap (Afd A)
Universiteit van Pretoria

**Abstract**

**The day of the Lord in 2 Peter in the light of the first-century Mediterranean concept of time**

*In this article the apocalyptic expression 'the day of the Lord' in 2 Peter is understood in the light of the first-century Mediterranean concept of time. Unlike modern Western societies, Mediterranean peasant societies had the present as first-order temporary preference. Secondary preference is past, and the future comes as third choice. According to a social-scientific model of Mediterranean time, the present and past can be understood as experienced time, as well as cyclical and processual time. The future is viewed as imaginary time. These insights are especially crucial for understanding the day of the Lord in 2 Peter within the context of the delay of the parousia, which is of primary concern to the author of 2 Peter. The author advocates the shifting of the parousia from the present to the far-off future of an imaginary time of God's control. As a result, his ethics for the present was still strongly influenced by the day of the Lord. In contrast, the author's opponents' untidy ethics reflected their rejection of the relevancy of the future parousia for their present lives.*

## 1. INLEIDING

Die *dag van die Here* is een van die terme in 2 Petrus wat op die paroesie betrekking het. Dit is 'n simboliese uitdrukking wat ontleen is aan die Ou Testament. Dit het nuwe betekenis gekry binne die eiesoortige eskatologiese gerigtheid van 2 Petrus. Hierdie term is 'n voorbeeld van wat bekend staan as *analogiese taal* of metaforiese taal. Analogiese taal word gebruik wanneer veronderstel word dat daar 'n

* Hierdie artikel is 'n verwerking van die resultate van die DD-proefskrif, ''n Herwaardering van Rudolf Bultmann se ontmitologiseringsprogram in die lig van die kennissosiologie: Die dag van die Here in 2 Petrus as voorbeeld'. Hierdie proefskrif is ingedien en aanvaar as deel van die vereistes vir die DD-graad (1998), Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap, Fakulteit Teologie (Afdeling A), Universiteit van Pretoria, onder leiding van prof dr A G van Aarde.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

ooreenkoms bestaan tussen twee objekte of sake. Oor die een saak waarvan ons minder weet, word daar gepoog om iets meer te sê, deur te praat oor dit waarvan ons meer weet (McFague 1983:15). Die kennissosiologiese benadering beskik oor die potensiaal om die betekenis van analogiese taal na te vors, deur die simboliese universum van die teks bloot te lê. Naas die vastelling van die kosmologie, waaroor reeds in 'n ander artikel gehandel is (Malan 1998:529-543), bied die outeur van 2 Petrus se aanwending van tydsbegrip, metaforiese spreekwyse en die dood as marginale ervaring belangrike inligting vir die verstaan van die inkleding van die outeur se simboliese universum, en die plek en betekenis van die *dag van die Here* binne daardie simboliese universum. Die invloed van die Mediterreense tydsbeskouing op die betekenis van die *dag van die Here* in 2 Petrus, word in hierdie artikel bespreek.

## 2. DIE TYDSBEGRIP VAN DIE EERSTE-EEUSE MEDITERREENSE SAMELEWING EN DIE BEGRIP DAG VAN DIE HERE IN 2 PETRUS

Die verskil in tydsbegrip tussen die moderne Westerse eksegeet en die antieke Mediterreense samelewing in terme waarvan die Nuwe Testament ontstaan het, is van groot belang vir die verstaan van die uitdrukking die *dag van die Here* in 2 Petrus. Die persepsie van tyd is een van die mees basiese modaliteite van menslike persepsie en is van besondere belang vir die verstaan van menslike handelinge en uitsprake. Hierdie saak word beklemtoon deur Maines (1987:303) as hy dit stel dat *nie eens die eenvoudigste afleiding oor menslike optrede kan gemaak word sonder dat daar 'n onderliggende teorie oor temporaliteit daarvoor gebruik word nie.* Die bewus wees van tyd is nie maar net een van die dimensies van menslike belewenis nie, maar eerder *dié* spesifieke vorm in terme waarvan daardie belewenis georganiseer word (Bordieu 1963:55-56). Dit impliseer dat dieselfde verstaansraamwerk ten opsigte van tyd wat deur die outeurs van die Nuwe-Testamentiese tekste gehuldig is, ook by die uitleg behoort te geld, veral van temporele aanduidings en terme. Hierdie insigte sal bepaalde implikasies inhou vir die verstaan van die *dag van die Here* asook van die tydsbegrip wat in 2 Petrus ter sprake is.

### 2.1 Die hede as primêre temporele oriëntasie

Verskeie studies het reeds aangedui dat daar 'n beduidende verskil bestaan in die tydsbegrip van antieke agrariese gemeenskappe teenoor moderne geïndustraliseerde Westerse samelewings (vgl Fortes 1970:164-200; Todd 1985:33-44; Nisbet 1964:257-271; Harris 1986:81-95). Hierdie studies gebruik die antropologiese model van Kluckhohn en Strodtbeck om vas te stel in watter volgorde van voorkeur hede, verlede en toekoms



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

deur gemeenskappe aangewend word om hulleself temporeel te oriënteer wanneer hulle met 'n kritieke probleem in die hede gekonfronteer word. Daar is bevind dat agrariese gemeenskappe (soos wat die antieke Mediterreense samelewings met die ontstaan van die Nuwe-Testamentiese tekste was) die hede as primêre temporele aanduiding benut het, terwyl die verlede as sekondêre en die toekoms as tersiêre temporele aanduidings gegeld het. Dit verskil radikaal van die moderne Westerse oriëntasie wat primêr as toekomsgerig beskou kan word, en wat die verlede as van sekondêre belang beskou, terwyl die hede van belang geag word met die oog op die toekoms (vgl ook Iutcovich *et al* 1979:73).

Daar word volgens Jones (1988:23-24) twee kulturele elemente vereis voordat dit moontlik is vir 'n gemeenskap om die toekoms as primêre temporele oriëntasie te huldig. Die eerste vereiste is dat mense 'n sterk geloof moet deel in die kondisionele waarskynlikheid naamlik dat indien 'n bepaalde handeling in die hede uitgevoer word, daar 'n groot mate van waarskynlikheid is dat die doelwit in die toekoms sal realiseer. Die tweede vereiste is dat mense 'n sterk verbintenis moet hê tot waarde doelwitte waarvan die vervulling slegs in die toekoms kan realiseer. Hierdie elemente word byvoorbeeld gerealiseer in uitgestelde gratifikasie, spaar met die oog op die toekoms en die beplanning vir langtermyn doelwitte. Vir hierdie elemente om enigsins geloofwaadig en realiseerbaar te wees, is daar 'n belangrike vereiste: die oorlewingsbehoeftes van die hede, soos kos, klere, veiligheid en skuiling moet verseker wees.

Sulke oorlewingsbehoeftes vir die hede was egter nooit vir enigiemand buiten 'n handjievol van die elite verseker nie. Dit is vir Malina (1996:185) een van die belangrikste redes waarom hy meen dat daar nie getuienis daarvoor sou wees dat die toekoms as primêre of selfs sekondêre oriëntasie in die antieke Mediterreense samelewing gegeld het nie. Die hede sou beskryf kon word as 'n breë (langdurige) baan wat aan die een kant afgegrens word deur 'n horison van die ervaarde verlede, en aan die ander kant van die verbeelde toekoms. Volgens hom sou mense wat hede-georiënteerd is, 'n toekomsgerigte tydsbeskouing as vermorsing van goeie geleenthede en belewenisse in die hede beskou, as oorsaak van onnodige spanning en die beste manier om in die wiele te ry dit wat besig is om te gebeur.

Dit kan gekontrasteer word met die Westerse toekomsgerigte tydsbegrip waarvolgens die hede gereduseer word tot 'n snel verdwynende punt, in so 'n mate dat die hede in effek as kortstondig beleef word. Sodra hierdie punt van die hede verby is, bly daar net die toekoms en die verlede oor. Dit is hierdie tydsbeskouing wat deel is van kontemporêre teologiese standpunte wat toekomsgerig is en oënskynlik op die Bybel gebaseer is, alhoewel Malina (1996:179-184) met oortuiging aandui dat die Bybelse tekste nie sprekend daarvan is nie. Hy kom tot die gevolgtrekking dat daar geensins getuienis



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

voorkom vir die bestaan van 'n toekomsgerigte tydsbeskouing in die Nuwe Testament nie, en ook nie enige spanning oor die uitbly van die paroesie nie. Die inlees van toekomsgerigtheid in spesifieke eskatologiese tekste was na sy mening die gevolg van eksegese vanuit 'n toekomsgerigte tydsbeskouing deur negentiende-eeuse liberale teoloë en hulle twintigste-eeuse erfgename.

'n Hedegerigte tydsbeskouing sou nie beteken dat die antieke mens glad nie bewus sou wees van die toekoms nie. Daar het nie in die antieke tyd abstrakte en numeriese kalenders bestaan nie, en ook nie 'n onpersoonlike kronologie of abstrakte kategorieë van verlede, hede en toekoms nie. Dit dui aan dat 'n sosiale sisteem bestaan het wat dit nie nodig gehad het nie, omdat die sosiale sisteem gefokus was op dit wat konkreet voor hande was. Dit beteken dat binne hierdie hedegerigte oriëntasie die verlede vir die hede bruikbaar was in die sin dat dit wat in die hede bestaan, die gevolg is van dit wat voorafgegaan het. So kon 'n man byvoorbeeld oor sy voorvaders praat omdat hulle hom voorafgegaan het en hom en die ander nasate voortgebring het. Op dieselfde manier kan daar oor die toekoms gepraat word. Hedegerigte mense sou 'n konkrete persepsie kon hê van dit wat sou kom, omdat dit gewortel is in dit wat in die hede is. Dit sou byvoorbeeld moontlik wees om oor die toekomstige geboorte van 'n kind te praat omdat iemand bekend is met 'n swanger vrou. Op 'n soortgelyke manier sou iemand uit die wêreld van die Nuwe Testament kon praat oor stad of tempel wat nog gaan kom, omdat die persoon weet dat God beskik oor 'n stad of tempel in die hemelse sfere wat as model dien vir 'n werklike verganklike stad of tempel (Malina 1996:187).


Om die Nuwe-Testamentiese tekste spesifiek wat tydsbegrip betref, beter te verstaan is dit nodig dat die tekste gelees sal word met dieselfde primêre temporele oriëntasie as die teks self. Dit beteken dat gepoog moet word om die tekste te lees met 'n tydsoriëntasie van voor die horlosie en die insigte van Newton, die Verligting, die Industriële Rewolusie en Einstein, met ander woorde sonder hierdie skille om ons toekoms gerigte, matematiese en kronologiese sensitiewe oë. Ten einde 'n omvattende begrip van die antieke Mediterreense tydsbegrip moontlik te maak met die oog op die lees van die antieke tekste, het Malina (1996:187) 'n model daargestel wat vir uitleggers van groot waarde kan wees.

## 3. 'n Model van antieke Mediterreense tyd

Om die antieke begrip van hede, verlede en toekoms, en die verband tussen die drie duidelik te maak, onderskei Malina (1996:188-211) die volgende drie kategorieë: wat die hede en verlede betref beskryf hy dit as ervaarde tyd (*experienced time*) waarby daar verder onderskei kan word in sikliese (*cyclical*) en proseduretyd (*processual time*). Die toekoms noem hy verbeelde tyd (*imaginary time*).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services




## 4. DIE HEDE AS 'ERVAARDE TYD'

Vir die hedegerigte mense van die antieke tyd was die werklikheid slegs die ervaarde wêreld en die ervaarde tyd. Daarom was daar vir hulle nie sprake van verlede in die terme van die negentiende-eeuse sin van geskiedenis en die twintigste eeuse sin van abstrakte tyd nie (Malina 1996:188). *Ervaarde tyd* is die persepsie van duur, suiwer in die waarneembare horison van werklike belewenis, naamlik die hede. Die hede kan beskryf word as die geheel van 'n handeling, waarby ingesluit is die voorafgaande verlede en die verwagte toekoms. Dit beteken dat die hede van die handeling tesame met die waargenome hede, 'n horison van die verlede en die toekoms wat met die hede verbind is, omvat en sodoende tot dieselfde konteks van betekenis hoort (Bourdieu 1963:59-60).

Malina (1996:189-190) konkludeer dat die hede vir die antieke Mediterreense mense 'n enkele konteks van betekenis sou vorm wat oor die algemeen lank van duur kon wees, afhangende van die prosedure of gebeure wat besig was om te voltrek. Dit



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

kon selfs 'n tydperk so lank as veertig jaar omspan het. Die gevolg van so 'n kognitiewe fokus is 'n besondere beskouing van die werklike hede. Dit waarvan persone bewus was in die verlede relatief tot dit waarvan hulle in die hede van bewus is, asook dit waarvan persone op die punt staan om van bewus te wees as gevolg van dit wat in die hede en verlede gebeur het, vorm *'n enkele betekenisvolle nou,* naamlik die werklike hede. Dit wat voorafgaan en dit wat sal volg, vervloei saam met dit wat besig is om te gebeur. By ervaarde tyd kan daar onderskei word tussen sikliese en proseduretyd.

## 5. SIKLIESE TYD

Sedert die Industriële Rewolusie word tyd vir die moderne mens met die horlosie gemeet wat 'n objektiewe, eksterne en nie-sosiale verwysing is na die duur van gedrag wat besig is om te ontvou. Dit hou verband met die liniêre tydsbeskouing van die moderne tyd. Daarteenoor was die kalenders van die antieke tyd sekerlik ook ekstern en objektief, maar beslis nie nie-sosiaal van aard nie. Lauer (1981:21) praat byvoorbeeld juis van *sosiale tyd* as die tydsoriëntasie van tradisionele volke. Sosiale tyd verwys na die patrone en oriëntasies wat verband hou met die sosiale prosesse en konseptualisering van die ordening van sosiale lewe. Sosiale tyd ontwikkel uit die sosiale verhoudings en transaksies, en word beïnvloed deur die geskiedenis, gevoelens, geloof en waardes van 'n volk.

Een van die kenmerke van mense wat volgens sosiale tyd leef, is dat hulle as *polichronies* beskryf kan word (Malina 1996:197-198). Met polichroniese mense word bedoel mense wat gewoonlik besig is om meer as een ding op dieselfde tyd te doen. Vir sulke mense is die betrokkenheid met mense en die afhandeling van transaksies met ander mense belangriker as geskeduleerde tyd. Kenmerkend van polichroniese tyd is dat dit nie maklik gemeet word nie en dat die mense wat nie tot die elite behoort nie, 'n *mañana* houding het van uitstel tot môre. Dit beteken dat hulle net daardie dinge afhandel wat op daardie spesifieke dag gedoen moet word en die res onbepaald kan uitstel. Die suksesvolle bereiking van langtermyn doelwitte word derhalwe nie beskou as benadeel wanneer daar voortdurend uitgestel word tot môre nie, omdat sulke doelwitte in elk geval met die verbeelde tyd te make het, en nie met die hede nie.

Die gevolgtrekking wat hieruit gemaak kan word, is dat die eerste-eeuse Mediterreense mense nie 'n liniêre tydsbegrip gehad het nie, maar eerder 'n *sikliese beskouing van tyd* wat met persoonlik veroorsaakte nie-biologiese kosmiese beweging van die hemelliggame te doene het (Graham 1981:35-42). Hiermee word bedoel dat die hemelliggame gesien word asof dit veranderings in die menselewens aandui omdat dit onder die beheer sou wees van nie-menslike *persone* naamlik God of die gode. So 'n herhaalde beweging van die hemelliggame onderstreep die eendersheid van die menslike



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

lewe, selfs te midde van verandering. Gevolglik ontwikkel daar 'n verwagting by mense van *'n hemel en aarde*, 'n kosmos of 'n môre wat net soos gister lyk.

Wanneer hierdie metode om duur aan te dui, op sosiale werklikhede toegepas word, is die gevolg 'n onveranderde sosiale sisteem, wat weer tot die voordeel sou wees van die elite binne daardie sisteem. Hierdie groep is mense wat gewoonlik geglo het in die blywende gehalte van hulle sosiale voortreflikheid, en hulle was ook die mense wat in beheer was van die hou van die tyd. Gevolglik was die soort tyd wat hulle gehou het, dié van herhaalde tradisionele tyd (Malina 1996:200-201).

Wat die tyd van die oorsprong van die Christendom betref kan daar byvoorbeeld gewys word op die rol van Jerusalem wat as priesterlike administratiewe stad as 'n reuse horlosie gedien het wat vir Judea die tyd aangedui het (Malina 1996:200-201). Die tempel het bloot die herhaalde en Goddelike beheerde kwaliteit van die tyd gekonkretiseer. Vir die elite was dit tot hulle voordeel om hierdie soort tyd te *hou*, met ander woorde om in beheer van die aanduiding van die tyd te wees, omdat hulle op daardie manier beheer uitgeoefen het oor die mense wat hulle tyd volgens die tempel in Jerusalem laat bepaal het. Hierdie reëling kon sulke mense laat verstaan dat hulle nie die Goddelik bepaalde toekoms kon beïnvloed nie. Handelinge in die hede sou nie die toekoms affekteer nie, en slegs 'n invloed hê op die ervaarde wêreld van die hede.

## 6. PROSEDURETYD

Daar is egter ook 'n ander aspek van die verstaan van die hede vir die antieke Mediterreense mense. Buiten die nie-biologiese invloed van die hemelliggame was daar die organiese biologiese prosedures soos reproduksie, die verskillende lewenstadia, siekte en herstel wat die verstaan van duur nie as 'n siklus nie, maar as 'n *proses*, tot gevolg gehad het (Graham 1981:35-42).

Bepaalde biologiese prosedures word beskou as belangrik vir die bepaling van die gehalte en betekenis van menslike lewe. Wat van belang is, is die suksesvolle afhandeling van 'n bepaalde aktiwiteit, en nie die hoeveelheid tyd wat daaraan afgestaan word nie. Die hede word beskou as die tydperk waarin die hele prosedure verloop. Dit gaan hier oor eenmalige en ongereelde gebeurtenisse. Voorbeelde hiervan is huwelike, die geboorte van die eerste seun, menopouse en bejaardheid (Malina 1996:202).

Dit is opmerklik dat tyd deur die antieke mense nie as 'n verbruiksartikel beskou was nie, omdat dit die voltrekking van die prosedure is wat belangrik is, en nie die tyd wat daarvoor gebruik word nie. Hulle kan beskou word as verbruikers van die prosedure en nie van die tyd nie (Graham 1981:337). In die apokaliptiese tekste in die Nuwe Testament dui die verskillende numeriese sisteme asook die volgorde van gebeure wat moet plaasvind in die ontvouing van die scenario van die koms van die Seun van die Mens, op proseduretyd (Malina 1996:202).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## 7. VERLEDE EN TOEKOMS AS VERBEELDE TYD.

Wat betref die verlede en die toekoms, gebruik Malina (1996:188-195) die term verbeelde tyd (*imaginary time*) in sy model vir die verstaan van antieke Mediterreense tyd. Verbeelde tyd is daardie sfeer wat buite die werklikheid van die ervaarde en konkrete hede val, en dus tot die verbeelde wêreld behoort. Dit omvat alles wat nie in die hede bestaan nie, of direk met die sfeer van ervaring verbind kan word nie. Dit kan derhalwe ook nie deur ervaring bevestig word nie. Wat in die hede absurd of onmoontlik lyk, kan in die verbeelde wêreld met dié se verbeelde tyd dalk wel realiseer, of dalk nie realiseer nie. Dit is deel van die essensiële kwaliteit van die verbeelde tyd dat daar 'n gelyke kans bestaan dat moontlikhede in werklikhede kan verander of nie. As 'n domein het dit beslis 'n invloed op die hede. In die Ou en Nuwe Testament het dit byvoorbeeld beteken dat die verbeelde tyd eksklusief aan God, vir wie alle dinge moontlik is, behoort en dat die toekoms (maar ook die 'verre' verlede wat die buite huidige ervaring val) nooit aan die mens nie.

## 8. DIE MEDITERREENSE TYDSBESKOUING EN DIE *DAG VAN DIE HERE* IN 2 PETRUS

'n Voorbeeld wat Malina (1996:193) gebruik, kan vir die verstaan van die tydsbegrip van 2 Petrus insiggewend wees. Vir die mense wat deel was van die Jesus-beweging was die gebeure wat met die dood en opstanding van Jesus te make het, gesien as hede en werklikheid. So was die koms van die Koninkryk van God, die koms van Jesus as Messias en die transformasie van sosiale werklikhede ten gunste van God se volk, deel van die hede vir die Jesus-beweging. Vir die latere gelowiges soos die lesers van Markus, Matteus en Lukas se evangelies het sake egter verander. Vir hulle was Jesus nie deel van die hede as ervaarde tyd nie. Die wederkoms van Jesus (ofte wel die koms van die *Seun van die Mens*) behoort vir hulle tot die toekoms as verbeelde tyd, as deel van daardie tyd waarvan alléén God weet.

Myns insiens is hierdie stelling op 'n nog meer intense manier van toepassing op 2 Petrus se lesers, omdat hulle as die tweede generasie Jesus-volgelinge soveel verder van die historiese Jesus verwyderd was. Vir hulle moes die idee van die wederkoms en die eindoordeel so ver verwyderd van die hede gewees het, dat die dwaalleraars wat die wederkoms totaal ontken het, 'n wesenlike gevaar moes ingehou het, en só die skrywe van die brief genoodsaak het. Met die term die *dag van die Here* bevestig die outeur vir hulle dat die toekoms (*verbeelde tyd*) wel ver is in terme van die ervaarde hede, maar gewis binne die sfeer van God se beheer is en dat dit daarom vir die hede as ervaarde tyd van besondere betekenis behoort te wees. Die wederkoms hoort wel steeds tot die verre toekoms (*verbeelde tyd*), maar dien nou as langtermyn doelwit wat 'n bepalende invloed op die etiek van die hede uitoefen (vgl 2 Pet 3:10-15).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Kriteria waaraan die antieke Mediterreense mense die geldigheid of waarheid van gebeure of uitsprake getoets het, was die sensoriese, naamlik sig, gehoor of aanraking (vgl Malina 1996:194). By die afwesigheid of nie-beskikbaarheid daarvan sou 'n oordeel gevorm word op grond van die geloofwaardigheid van die persoon wat die saak stel. Anderkant die horison van ervaring of hulle wat daarvoor kan instaan, lê die begin van die sfeer waar enigiets natuurlik moontlik is. Kriteria vir die geldigheid van uitsprake oor hierdie sfeer was minder rigied en alle bevestigings van die basiese kulturele verhaal van die groep sou aanvaarbaar wees. Dit sou volgens Malina (1996:194) uiters dwaas wees om besluite met die oog op die hede te maak op grond van die verbeelde verlede of toekoms. Sulke besluite sou op grond van die direk voorafgaande of direk opvolgende gemaak word. By 2 Petrus kry ons 'n afwyking hiervan. Die verbeelde tyd (toekoms) dien spesifiek as kriterium vir besluite in die hede, juis teenoor diegene (dwaalleraars) wat die hede deur die sensoriese wil laat bepaal (vgl 2 Pet 2:12-14)!

Die antieke Mediterreense tydsbeskouing word egter nie deur die skrywer laat vaar nie. Daar is steeds sprake van 'n sikliese tydsbeskouing in 2 Petrus omdat die tipies apokaliptiese siening van die herstel van die paradystoestand in die nuwe hemel en aarde na die vernietiging van die ou hemel en aarde, verwag word (2 Pet 3:10-13). Proseduretyd in terme van apokaliptiese berekenings is egter afwesig. 'n Baie kort beskrywing van die proses wat met die vernietiging van die hemelliggame en die aarde verloop, word wel gebied. Hierdie proses is 'n voorbeeld van proseduretyd. Die hede as ervaarde tyd word steeds beskou as langdurig, en die duur word moontlik selfs as verleng beskou om aan te pas by die outeur se siening dat vir God 'n dag in die hede as 'n duisend jaar lank sou wees (2 Pet 3:8).

Wat die toekoms (as verbeelde tyd en daarom half-waarskynlike werklikheid) onderskei van daardie toekomstige aspek van die breë hede (as ervaarde werklikheid) wat die direk opvolgende genoem word, is die graad van onmiddellike en direkte organiese verbintenis met 'n persoon, saak of proses wat in die hede ervaar word (vgl Malina 1996:195). Ek is van mening dat by 2 Petrus gepoog word om die toekoms (die *dag van die Here*) juis as meer waarskynlik voor te stel deur die dokument aan te bied as geskryf deur die apostel Petrus (as persoon steeds behorende tot die breë hede), ooggetuie van die gebeure rondom Jesus soos die verheerliking op die berg.

Bauckham (1990:41, 132, 173, 194, 196-197, 199-200, 137, 282) toon met goeie gronde aan dat 2 Petrus waarskynlik tot die genre van *laaste testamente* behoort, na aanleiding van ooreenkomste daarvan met die Joodse testament. Die dokument is waarskynlik doelbewus gestruktureer om as die apostel Petrus se laaste testament te vertoon om nog meer trefkrag aan die inhoud daarvan verleen. Deur die lees van so 'n doku-




Digitised by the University of Pretoria, Library Services

ment *uit sy pen* kom die lesers in direkte *verbinding* met hierdie ou-tentieke ooggetuie, en word hy sowel as die saak in die toekoms waarvan hy getuig, geloofwaardig deel van die werklikheid van die ervaarde hede.

Myns insiens het die outeur van 2 Petrus strategies beplan om die proses van die verwydering van die gedagte van die wederkoms uit die sfeer van die toekoms as direk opvolgende (dit wil sê as deel van die ervaarde hede) na die verbeelde tyd van die toekoms (en daarom die half-waarskynlike) teen te werk, met die gevolg dat in 2 Petrus die toekomstige (die *dag van die Here*) die gelowiges se beslissings in die hede (etiek) bepaal. Met sy optrede kan die outeur van 2 Petrus vergelyk word met die elite in sekere samelewings, soos hierbo na verwys, wat beheer oor die optrede van mense uitoefen deurdat hulle daardie mense se tydsbeskouing bepaal. Ook hy poog om sy lesers om te haal tot sy siening van die hede wat deur die toekoms bepaal word, sodat hy beheer oor hulle optrede in die hede kan uitoefen.

Die tydsbeskouing van die outeur van 2 Petrus kan aan die hand van Malina (1996: 209) se model soos volg uitgebeeld word:

***'n Model van die tydsbegrip in 2 Petrus***
Voorkeur van temporele oriëntasie






Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## 9. GEVOLGTREKKING

Vir beide die vromes en die spotters in die kerk het die toekoms van die vergelding te ver van die hede verwyder geraak om dit nog as deel van die breë Mediterreense begrip van die hede te beleef. Om die impak hiervan te besef, is dit belangrik om die kritieke belangrikheid van tyd as dié spesifieke modus waarin menslike belewenis georganiseer word, te erken. 'n Eksistensiële krisis ontstaan omdat die hede se nabye toekoms (direk opvolgende potensiaal) as basis vir eksistensiële beslissings om outentieke bestaan te realiseer, verplaas word tot die verre toekoms (verbeelde tyd) buite die sfeer van die betekenisvolle nou van die hede.

Die twee moontlikhede om hierdie krisis op te los, word verteenwoordig deur die uiteenlopende menings van die dwaalleraars en die outeur van 2 Petrus met betrekking tot die begrip *dag van die Here*. Die dwaalleraars poog om die krisis op te los deur 'n eksistensiële beslissing te maak om by die hede-gerigte tydsoriëntasie te bly, met ander woorde om nie hulle optrede te laat bepaal deur die verre toekoms wat nie deel vorm van die hede nie. Hulle kies om die *dag van die Here* as eindgerig te verwerp. Vir hulle sou outentieke bestaan, tipies Mediterreens, waarskynlik beteken om jou beslissings in die hede te laat bepaal deur dit wat deel van die hede is, van die alledaagse werklikheid wat voor hande is.

Dit lyk asof outentieke bestaan vir die outeur van 2 Petrus neerkom op 'n andersoortige benadering, naamlik om beslissings in die hede deur die verre toekoms (verbeelde tyd/God se tyd) van die *dag van die Here* te laat bepaal. Dit kan ook gesien word as 'n bestaan in die wêreld wat neerkom op 'n eksistensiële 'vlug' in die wêreld van God in.

### Literatuurverwysings


Bauckham, R J 1990. *Jude, 2 Peter*. Dallas: Word. (Word Biblical Themes.)

Berger, P L & Luckmann, T 1975. *The social construction of reality: A treatise in the sosiology of knowledge*. Harmondsworth: Penguin.

Bourdieu, P 1963. The attitude of the Algerian peasant toward time, in Pitt-Rivers, J (ed), *Mediterranean Countrymen: Essays in the Social Anthropology of the Mediterranean*, 55-72. Paris: Mouton.

Cloete, T T, Botha, E & Malan, C (reds) 1985. *Gids by die literatuurstudie*. Pretoria: HAUM. (HAUM Literêr Gidsreeks 1.)

Desjardins, M 1987. The portrayal of the dissidents in 2 Peter and Jude: Does it tell us more about the 'godly' than the 'ungodly'? *JSNT* 30, 89-102.

Douglas, M T 1972. Deciphering a meal. *Daed* 101:61-81.

——— 1984. *Purity and danger: An analysis of the concepts of pollution and taboo*. London: Ark.




Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Fortes, M 1970. Pietas in ancestor worship, in *Time and social structure and other essays*, 164-200. New York: Humanities. (London School of Economics Monographs on Social Anthropology 40.)

Graham, R J 1981. The role of perception of time in consumer research. *Journal of Consumer Research* 7:335-342.

Harris, W V 1986. The Roman father's power of life and death, in Bagnall, R S & Harris, W V (eds), *Studies in Roman law in memory of Arthur Schiller*, 81-95. Leiden: Brill.

Iutcovich, M, Babbitt, C E & Iutcovich, J 1979. Time and perception: A case study of a developing nation. *Sociological Focus* 12, 71-85.

Jones, J M 1988. Cultural differences in temporal perspectives: Instrumental and expressive, in McGrath, J M (ed), *The social psychology of time: New perspectives.* Newbury Park: Sage.

Lauer, R H 1981. *Temporal man: The meaning and uses of social time.* New York: Praeger.

Maines, D R 1987. The significance of temporality for the development of sociological theory. *Sociological Quarterly* 28, 303-311.

Malan, G J 1998. 'n Herwaardering van Rudolf Bultmann se ontmitologiseringsprogram in die lig van die kennissosiologie: Die *dag van die Here* in 2 Petrus as voorbeeld. DD-Proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Malan, G J & Van Aarde, A G 1998. 'n Kennissosiologiese benadering tot die *dag van die Here* in 2 Petrus. *HTS* 54, 3 & 4, 529-543.

Malina, B J 1996. *The social world of Jesus and the Gospels.* London: Routledge.

Nisbet, R A 1964. Kinship and political power in first-century Rome, in Cahnman, W J & A Boskoff (eds), *Sociology and history: Theory and research*, 257-271. New York: Free Press.

Todd, E 1985. *The explanation of ideology: Family structures and social systems.* Oxford: Blackwell.

Van Aarde, A G 1991. 'The most high God does not live in houses built by men ...': The relativity of the metaphor 'Temple' in Luke-Acts. *Neotest* 25/1, 51-64.

Van Luxemburg, J, Bal, M & Westein W G 1981. *Inleiding in de literatuurwetenschap.* Muiderberg: Coutinho.

Van Staden, P 1990. *Compassion-the essence of life: A social-scientific study of the religious symbolic universe reflected in the ideology/theology of Luke.* DD Dissertation, University of Pretoria.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services